

5 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 5
Fokusgedeelte: Matteus 5:7

Die seën van omgee

“Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.”

Barmhartigheid is 'n begrip wat omskryf moet word. Mens sou dit kon beskryf as “warmhartigheid”. Dit is in sy diepste wese eintlik maar net ware omgee. Omgee vir ander mense. Om aan ander te doen wat jy aan jouself gedoen wil hê. Om ander raak te sien, en met hulle mee te voel. En dan om iets te doen aan die saak op hande, as dit enigsins moontlik is.

Ware godsdiens is juis om vir die eensame en die seerkry-mense om te gee. Nie sommer net gewoon omgee nie, maar omgee soos Jesus vir ons omgegee het. Hy het nie verbygeloop soos die priester of Leviet nie, maar Hy raak by ons elkeen se nood betrokke! Ware omgee is meer as net bietjie simpatie. Ware omgee is empatie met ander. Om mekaar te help en te dra en vir mekaar werklik voorbidding te doen. Nie net te sê: “Gaan heen en word warm” nie, maar ook iets te doen of te gee. Iets van jouself en van jou beursie en van jou liefde. Soos Jesus.

Die wonder daarvan is dat jy sal saai wat jy maai. Daar kom 'n dag dat jy in die nood is en dan sal God daarvoor sorg dat iemand vir jou ook sal omgee. Hy sal ook aan jou sy ewige barmhartigheid bewys en jou genadig wees!

Vir wie gaan jy vandag omgee?

Sing: Skrifberyming 11-3:5

Ds. M van Helden (Centurion)